‘n Spesiale 9 Dag “Houtkruis” Toer na Israel en Egipte *Met*

Andries Enslin - Alberton Lewensentrum
TV Prediker – SABC 2 en Skrywer

INA VERMEULEN
PA: ANDRIES ENSLIN | JAQUES BEZUIDENHOUT
084 951 1656

VOLG ONS OP
SABC 2 you belong | Die Woord.tv
ELKE SONDAG 11:00

LEWENSENTRUM GEMEENTE
Om God en mens liewer te hê

011 867 7244 • Clairettestraat, 2a • Meyersdal • 1447 • www.lewensentrum.org.za

& Koos van der Merwe - Die “Houtkruis”man

Eden Gemeente , George, rubriekskrywer in Sarie & liedjieskrywer o. a. die gewilde “Houtkruis”

044 889 0130 hester@edengemeente.com

Vertrekdatum O R Tambo: 10 SEPTEMBER 2017
Spesiale Toerprys: R27980 pp $1 = R14.00

ISRAEL 3G Travel

TOERPROGRAM

Dag 1 **JOHANNESBURG, KAIRO**

Met groot opgewondenheid ontmoet die groep 3 ure voor vertrek in die Internasionale vertreksaal by die Egypt Air toonbanke van O R Tambo Lughawe. Na afhandeling van die nodige formaliteite, groet ons en vertrek om 21:45 op ons vlug na Cairo

(Aandete en ontbyt aan boord)

Dag 2 **KAIRO, SESAREA,TABOR, TIBERIAS**

Ons arriveer vroegoggend om 05:35 in Kairo en oorgeplaas vir ons aansluitingsvlug om 08:55. Met aankoms om 10:15 in Tel Aviv, word ons hartlik ontvang deur ons vriendelike en bekwame Israeli gids wat ons vir die volgende dae sal begelei. Ons vertrek ons na Sesarea. Daar vind ons ‘n gerestoreerde Romeinse amfiteater, die oorblyfsel van ‘n Kruisvadersvesting en ‘n Bisantynse straat. Sesarea is in die 13 de jaar voor Christus deur koning Herodes die Grote gebou. Dit was ook die tuisdorp van Pilatus, Filippus en Cornelius. ‘n Hoogtepunt vandag is die besoek van Tabor, die berg van verheerliking. Dit is ‘n baie hoe bergspits op die vlakte van Megiddo in Galilea. Ons bestyg die berg met huurmotors – fooie ingesluit. Daarna reis ons na Tiberias. Ons oornag by die see van Galilea in Tiberias

Dag 3 **NASARET, SEE VAN GALILEA, TABGA, KAPERNAUM, TIBERIAS**

Vanoggend, na ontbyt begin ons met ‘n bootvaart (houtboot) op die see van Galilea wat beslis nog een van die hoogtepunte is. Aan die oewer van die see besoek ons die berg van Saligsprekinge - waar die bergpredikasie (Mattteus 5 -7) deur Jesus gelewer is. Daar sal ons tyd bestee in bepeinsing en oordenking om weereens die stem van die Meester te hoor. Ons bring `n besoek aan “Mensa Christi” soos dit bekend is as die tafel van die Here waar Jesus aan sy dissipels verskyn het na die opstanding

en vroegoggend brood en vis voorsien het. Daar het Hy vir Petrus gevra of hy Hom liefhet. Ons besoek ook Tabga aan die oewer van die meer waar die wonderwerk van die brood en vis glo plaasgevind het. In Kapernaum, die stad van Jesus, sien ons ‘n tweede eeuse sinagoge, asook die uitgrawings van Petrus se huis. ‘n Pragtige kerk is op pilare reg bo-oor die huis gebou. Hier is ‘n olyfpers te siene wat goed behoue gebly het. Hier het Jesus die meeste van sy wonderwerke op aarde gedoen. Na middagete, reis ons deur Kana waar Jesus water in wyn verander het na Nasaret, die tuisdorp van Jesus. Ons beweeg terug in tyd wanneer ons Nasaret besoek by Nasaret village. Ons keer terug na Tiberias vir aandete en oornag

Dag 4 **JERICHO, BETABARA, QUMRAN, DOOIE SEE**

Ons reis vandag deur die Jordaanvallei na Jericho. Daar besoek ons die berg van versoeking deur middel van kabelkarretjies wat ons na bo neem. Daarna besoek ons Betabara vir ‘n doopviering in die Jordaan. Op pad na die Dooie See besoek Qumran, waar die Dooie See rolle ontdek is. Ons boek in by ons hotel by die Dooie See, die laagste punt op aarde. Hier kry ons kans om te swem, of eerder te dryf, op die helende waters van die Dooie See. Aandete en oornag by die Dooie See.

Dag 5 **JERUSALEM, BETLEHEM**

Vanoggend reis na Jerusalem. Op pad daarheen het ons ‘n kameelrit ervaring in die woestyn. In Jerusalem besoek ons Yad Vashem , die holocast museum waar die uitmoor van die Jode deur die Nazis uitgebeeld word. Ons besoek ook die model van die ou stad Jerusalem. Vanmiddig reis ons na Betlehem, waar ons die geboorte kerk besoek. ’n Plaaslike gids sal ons vergesel aangesien ons deur ‘n kontrolepunt beweeg na die Wes-Blok. Ons kry ook geleentheid om ‘n houtsnee fabriekwinkel te besoek waar aandenkings gekoop kan word. Aan die einde van die dag word ons oorgeplaas na ons hotel in Bethlehem vir aandete en oornag.

Dag 6 **OLYFBERG, GETSEMANE. KLAAGMUUR, JERUSALEM**

Vanoggend begin ons met ‘n besoek aan die Olyfberg, met sy panoramiese uitsig oor Jerusalem. ‘n Groepfoto word hier geneem. Dit is die eeue oue stad van Dawid, waar Dawid aanbid het, Die tempel is later deur Salomo daar gebou. Ons stap die

Palmsondag roete waarlangs Jesus op ‘n donkie die stad binnegery het. Ons vertoef in die tuin van Getsemane - plek van Jesus se worsteling, sy gevangeneming en verraad (Matt 26:36-56). Daarne besoek ons die hoeprister Kajafas se paleis (Peter in Galicantu) waar die nagtlike vehoor plaasgevind het. Ons besoek daarna die klaagmuur, die mees heiligste plek vir die Jode. Aandete en oornag in Jerusalem.

Dag 7 **BAD VAN BETESDA, VIA DOLOROSA, TUINGRAF**

Vanoggend betree ons die Ou Stad deur die Stefanuspoort. Soos wat daar berge rondom Jerusalem is, is daar ook verskeie poorte wat toegang verleen tot die stad. Ons besoek aan die ou stad begin by die Bad van Betesda en die kerk van St. Anne met wonderlike akoestiek. Ons stap die Via Dolorosa, die kruisweg, die weg van smart en pyn wat uitloop op Golgota. Ons sluit ons dag af met ‘n nagmaalsviering by die tuingraf. Aandete en oornag in Jerusalem.

Dag 8 **JERUSALEM, KAïRO**

Na ontbyt vertrek ons na die lughawe vir ons vlug om 11:00 na Kaïro.Met aankoms om 12:00 word ons ontvang deur ons Egiptiese gids wat ons begelei vir ‘n besoek aan die piramides (Giza, Cheopos, Kephron, Mykorinos) asook die Sphinx. Laatmiddag het ons ‘n afskeidsete. Later die aand word ons oorgeplaas na die lughawe vir ons oornag terugvlug om 23:00 na Suid Afrika. (Aandete en ontbyt aan boord)

Dag 9 **JOHANNESBURG**

Gevul met wonderlike herinneringe en geestelike ervarings arriveer ons om 07:10 terug in Johannesburg!

Let wel: Die toerprogram is onderhewig aan verandering.

SPESIALE TOERPRYS: R27 980

Die toerprys is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskoste beskikbaar ten tye van die samestelling van die reisprogram 22 Februarie en is onderhewig aan veranderinge. Aangesien internasionale wisselkoers aansienlik verander, is daar besluit op 'n wisselkoers van $1=R14.00.

Die volgende is by die toerprys ingesluit:

- **Goeie toeristeklas hotelle**
- **Twee etes per dag – soos op die program (ontbyt en aandete).**
- **Alle oorplasings vanaf die lughawe – hotel – lughawe.**
- **Alle besienswaardighede soos op die program aangedui.**
- **Luukse busvervoer, busbestuurder en 'n Engelssprekende gids.**
- **Ekonomiese klas retoervlugkaartjie ex: Jhb, Cairo,Amman, Tel Aviv, Cairo, Jhb.**
- **'n Reissak namens 3G Travel.**
- **Lughawebelasting en brandstofheffings ingesluit.**

Die volgende is nie by die toerprys ingesluit nie:

- **Adminfooi R200**
- **Voorgeskrewe fooitjies vir gidse, busbestuurders, kelners, portiere $80**
- **Brandstofheffings kan styg indien brandstof styg**
- **Opsionele groepreisversekering tot op ouderdom 69 beskikbaar op aanvraag teen R360,00 pp**
- **Enkelkamertarief: R4900,00**
- **Visa koste vir Egipte – R350**

Let wel: Die toerprys is onderhewig aan 42 betalende toerlede wat deurgaans saamreis.

As gevolg van die onsekerheid van die SA Rand teenoor ander geldeenhede, is *3G Travel genoodsaak* om kwotasies op 'n daaglikse wisselkoers te bereken.

VLUGTE DEUR Egypt Air

DIE PROGRAM EN PRYSE IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING EN HERBEREKENING

KENNISGEWING AAN DEELNEMERS * CONDITIONS TO ALL PARTICIPANTS

3G Travel, hulle verwante maatskappye en agente, en die persone, partye of organisasies wat namens of in oorleg met hulle optree, as hulle agent, en alle groepleiers (hierna "die Organiserende Agente" genoem) gee kennis dat:
3G Travel, their associated companies and agents, and all persons, parties or organisations acting on their behalf or in collaboration with them, as their agent, and all group leaders (hereinafter referred to as "the Organising Agents") give notice that:
1.(a) MET die uitreiking of die verkryging van enige kaartjie of koepon en die tref van enige reëlings vir vervoer of verblyf, tree die Organiserende Agente slegs as agente op en is hulle nie enigerwys aanspreeklik as prinsipale nie / IN issueing or obtaining any ticket or coupon or for transport or the conveyance or for accommodation as they in their entire discretion may deem advisable.
(b) DIE Organiserende Agente geregtig sal wees om enige reëling te maak vir die uitreiking van enige kaartjie of koepon vir vervoer of verblyf soos hulle goeddink / THE Organising Agents shall be entitled to make any arrangement for the issue of any ticket or coupon or for transport or the conveyance or for accommodation as they at their entire discretion may deem advisable.
(c) DIE Organiserende Agente nie in enige omstandighede hoegenaamd aanspreeklik is nie, hetsy in kontrak of versuim, vir enige skade, besering (insluitende dood), verlies, vertraging of ongerief van enige aard hoegenaamd wat enige passasier aangedoen word terwyl op enige toer of reis of terwyl 'n tydelike inwoner in enige vreemde land as gevolg van enige reëling wat deur die Organiserende Agente getref word of van enige beweerde versuim deur die Organiserende Agente om bevredigende of enige reëlings te tref, en hetsy veroorsaak deur die optrede of versuim van enige van die dienaars, agente of subkontrakteurs van die Organiserende Agente. / THE Organising Agents shall not be liable in any circumstance whatsoever and whether in contract of deficit for any damage, injury (including death), loss, delay or inconvenience of any sort whatsoever that shall be caused to any passenger, whilst on tour or journey or whilst a temporary resident in any foreign country as a result of any arrangement made by the Organising Agents or for any alleged failure by the Organising Agents to make satisfactory or any arrangements, and whether caused through the act or default of any of the servants, agents or sub-contractors of the Organising Agents.
2. ELKE PASSASIER stem in dat hy/sy erfgename, eksekuteurs en/of regsverkrygendes die Organiserende Agente, hulle dienaars en agente skadeloos stel van en teen alle eise vir skadevergoeding voortspruitend uit enige oorsaak hoegenaamd teen enige persoon wat 'n eis mag instel teen die Organiserende Agente of enige van hulle, hetsy vir verlies of skade aan eiendom in die bewaring van die passasier, hetsy sodanige eis gebaseer is of beweer word gebaseer te wees op die versuim van die Organiserende Agente al dan nie. / EACH passenger agrees that his/her executors, administrators and/or assigns shall indemnify the Organising Agents, its servants and agents from and against claims for damage from any cause whatsoever to any person who may make a claim against the Organising Agents or any of them, whether for loss or damage to property in the custody of a passenger, whether or not such a claim is based on the negligence of the Organising Agents, its servants or any sub-contractors of the Organising Agents.
3. ALLE reëlings is onderworpe aan die wette van die land waar die vervoer of verblyf of ander diens voorsien word. / ALL arrangements are subject to the country where the conveyance or hotel or other service is provided.
4. ALLE pryse is vanaf die vertrekpunt, aangedui in die toerprogram en gebaseer op pryse en wisselkoerse heersende ten tyde van opstelling van die dokument waarin die notering gedoen word, en is onderworpe aan verandering sonder kennisgewing. Alle genoteerde pryse is per persoon wat akkommodasie deel. / All prices are ex-departure point indicated in the tour programme and based on prices and rates of exchange ruling at the time of preparation of the document in which the quotation is made and are subject to increase without notice. All prices quoted are per person sharing.
5. KOERIERS of verteenwoordigers het geen magtiging of verlof om enige gelde wat betaal is terug te betaal of enige regte te gee om 'n terugbetaling van die Organiserende Agente te eis nie. / COURIERS of representatives have no authority of permission to refund any monies paid or give any right to claim a refund from the Organising Agents.
6. DIE Organiserende Agente kan hulleself nie verantwoordelik hou vir die verkryging van terugbetalings op verlore of ongebruikte kaartjies, koepons of bewyse nie, alhoewel alle pogings aangewend sal word om vereffening te eis namens passasiers. / THE Organising Agents cannot hold themselves responsible for the obtaining of refunds on lost or unused tickets, coupons or vouchers, although every effort will be made to claim settlement on behalf of the passengers.
7. KANSELLASIES. 'n Kansellasiefooi van R5000-00 per persoon sal gehef word indien 'n bespreking gekanselleer word. Die Organiserende Agente behou ook die reg voor om die volle of 'n gedeelte van die toerprys te behou wat betaal is deur 'n persoon wat die bespreking minder is 45 dae voor vertrek kanselleer. Skriftelike kennis in die verband moet gegee word. / CANCELLATION. A cancellation fee of R5000-00 per person will be levied in the event of a reservation being cancelled. The Organising Agents also reserve the right to retain the whole or part of the tour price in the event of a cancellation less than 45 days prior to departure. Written notice must be given.
8. AANDAG word gevestig op die talle veranderings in amptelike roosters en passasiers word versoek om self enige vertrektye op enige program of reisplan te bevestig. / ATTENTION is drawn to the frequency of changes in official timetables and passengers are urged to verify any times of departure shown in any programme or itinerary themselves.
9. DIE betrokke lugredery kan nie verantwoordelik gehou word vir enige daad, versuim of gebeure gedurende die tyd dat passasiers nie aan boord van hulle vliegtuig is nie. Die passasierskaartjies wat deur die lugredery gebruik word, vorm wanneer uitgereik die enigste kontrak tussen die lugredery en die koper van hierdie kaartjie en/of passasier. / The airline concerned is not to be held responsible for any act, omission or event during the time passengers are not in their aircraft. The passenger tickets in use by the airline when issued shall constitute the sole contract between the airline and the purchaser fo these tickets and/or passenger.
10. PASSASIERS word daaraan herinner dat bagasie of persoonlike eiendom wat op die toer geneem word op eienaarsrisiko is en passasiers word aangeraai om dit self te verseker. Deposito- en kansellasieversekering, persoonlike ongeval- en siekteversekering word NIE outomaties ingesluit nie. / PASSENGERS are reminded that luggage or personal property taken on tour is at owner's risk and passengers themselves are advised to insure it. Deposit and cancellation insurance, personal accident and sickness insurance are NOT automatically included.
11. DIE Organiserende Agente behou hulle die reg voor om die toer te kanselleer of te laat vaar, in sodanige geval sal alle gelde wat betaal is terug betaal word, minus enige uitgawes of enige ander verpligting wat namens die passasiers aangegaan is, en in sodanige geval word geen verdere aanspreeklikheid hoegenaamd deur die Organiserende Agente aanvaar nie. Die reg word verder voorbehou om die toer te wysig op enige wyse wat hulle as wenslik beskou. In sodanige gevalle sal daar nie met die beplande toer voortgegaan word tensy 'n minimum getal passasiers (na goeddunke van die Organiserende Agente) deelneem nie. / THE Organising Agents reserve the right to cancel or abandon the tour. In such event, any monies paid will be refunded, less any expenses, disbursements or other commitments incurred on behalf of the passengers, and in such event no further liabilities whatsoever will be accepted by the Organising Agents. The right is further reserved to modify the tour in any way that they deem advisable. In this event, the planned tour will not be proceeded with unless a minimum number of passengers (at the discretion of the Organising Agents) participate.
12. TOERE word beplan op die basis van twee-bedkamers en waar, om redes buite hulle beheer, die Organiserende Agente enige deelnemer nie op hierdie basis kan huisves nie, sal die passasier verplig wees om die bykomende bedrag vir 'n enkelkamer te betaal, tensy hy/sy met twee ander passasiers van dieselfde geslag kan ruil om 'n drie-bedkamer met hulle te deel. In geval 'n drie-bedkamer gebruik word, sal die tarief vir twee-bedakkommodasie van toepassing wees. / TOURS are planned on the twin bedded rooms and where for reasons beyond their control, the Organising Agents cannot accommodate any participant on this basis, the passenger will be obliged to pay the supplement for a single room unless he/she can arrange with two other passengers of the same sex to share with them a three-bedded room. In the event of a three-bedded room being used, the tariff for twin-bedded accommodation will apply.
13. DIE Organiserende Agente behou die reg voor om die volgorde van besigtigingstoere na hulle goeddunke te wysig. / THE Organising Agents reserve the right to change the sequence of sightseeing events.
14. DEELNEMING beteken dat die deelnemer die "Kennisgewing aan Deelnemers" gelees het en aanvaar, en dat sy/haar deelname aan daardie voorwaardes onderhewig is. / PARTICIPATION shall confirm that the participant has read and accepted the "Notice to all Participants" and confirm that his/her participation shall be subject to all such terms and conditions.

Registrasievorm

Slegs geldig indien die volle deposito deur *3G Travel* ontvang is
Valid only after receipt of full deposit by *3G Travel*

Toerleiers/ Tour leaders: Andries Enslin & Koos van der Merwe
Toer beskrywing / tour description: Israel, Egipte
Vertrek datum / Departure date 10 September 2017

Applikant/ Applicant:
1.Van/Surname:_____
2.Voorname/Firstnames _____
(SOOS OP DIE PASPOORT - GEEN BYNAME/- AS ON PASSPORT NO NICKNAMES)
3.Noem naam/Nick name_____
4.I.D. Nommer/I.D.Number_____
5.Paspoort nommer/ Passport number_____
6.Vervaldatum/Expiringdate_____
7.Uitreikings datum/Date issued_____
8.Staat /Street address_____
_____Kode/Code_____
9.Selfoon/Cellphone_____
10.Faks/Fax _____
11.Epos/Email_____
12.Vergesel van, noem naam/accompanied by, nick name_____
13.Beroep / Occupation_____
14. Verwysing: Naam en nr in geval van nood / Emergancy: Name and no.
_____

Ek sluit hierby my deposito van R5000-00pp in as registrasiefooi vir bogenoemde persone
Ek bevestig dat ek die "kennisgewing aan Deelnemers" gelees het en so aanvaar.
Kontant betalings moet by die kantoor ingehandig word, of kontanthanteringsfooi 1,1% moet bygetel word.
I hereby enclose my deposit of R5000-00 pp being the registration fees for the above
persons I confirm that we have read and accepted the "Notice to all Participants"
Cash payments must be handed in at the office, or a cash handling fee 1,1% must be added.

Rek no - Payment made to: Nedbank 3G Travel 1012410153 Kode 198765
Verw : Isr -ALS + Naam Ref Isr –ALS + Name
Faks voltooide registrasievorm met betalingsbewys na 0865417415
Fax completed registration form with receipt to 0865417415

_____ _____
Datum/Date Handtekening/Signature